# Mooi verse

# uit


# Johannes



# Mooi verse

## uit

# Johannes



Hierdie boek behoort aan ___________________________


Prente deur die Bybelgenootskap se Annie Vallotton.

# <u>Johannes 1</u>

1. In die begin was die Woord,

en die Woord was by God,


en die Woord was God.



2. Hy was in die begin by God.

4. In Hom was <u>lewe</u>, en die <u>lewe</u>

was die lig van die mense.



14. En die Woord het

vlees geword en

het onder ons gewoon –

en ons het sy heerlikheid aanskou,

'n heerlikheid soos van die Eniggeborene

wat van die Vader kom –

vol van genade en waarheid.

16. En uit sy volheid het ons almal ontvang,

ja, genade op genade.

17. Want die wet is deur Moses gegee;

die genade en die waarheid het deur

Jesus Christus gekom.

18. Niemand het ooit God gesien nie;

die eniggebore Seun wat in die boesem

van die Vader is, dié het Hom verklaar.




**Johannes 3**

14. Jesus sê:

"Soos Moses die slang in die woestyn

verhoog het,



so moet die Seun van die mens verhoog word,

15. sodat elkeen


wat in Hom glo,

nie verlore mag

gaan nie,

maar die ewige

lewe kan hê."



16. Want so lief het God die wêreld gehad,


dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,

sodat elkeen wat in Hom glo,

nie verlore mag gaan nie,

maar die ewige lewe

kan hê.




17. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur

nie om die wêreld te veroordeel nie,

maar dat die wêreld deur Hom

gered kan word.

# Johannes 4



7. Daar kom 'n vrou uit

Samaría om water te skep.

Jesus sê vir haar:

"Gee vir My water om te drink".

9. En die Samaritaanse vrou sê vir Hom:

"Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om

te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is?"

10. Jesus antwoord en sê vir haar:

"As jy die gawe van God geken het

en geweet het wie Hy is wat vir jou sê:

"Gee vir My water om te drink",

sou jy Hom gevra het


en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

11. Die vrou sê vir Hom: "Here, U het nie eens 'n

skepding nie, en die put is diep;

waarvandaan kry U dan

die lewende water?"



13. Jesus antwoord en sê vir haar:

"Elkeen wat van hierdie water drink,

sal weer dors kry;

14. maar elkeen wat drink van die water

wat Ek hom sal gee,

sal in ewigheid nooit dors kry nie,

maar die water wat Ek hom sal gee,

sal in hom word

'n fontein van water


wat opspring tot in die ewige lewe."

## Johannes 6

5. Toe Jesus sien dat 'n groot menigte na Hom kom, sê Hy: “Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?”

8. Een van sy dissipels, Andréas, Simon Petrus se broer, sê vir Hom:

9. “Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het, maar wat is dit vir so baie mense?”



10. En Jesus sê: “Laat die mense gaan sit.” En daar was baie gras op dié plek. Die manne het toe gaan sit, omtrent vyf duisend in getal.


11. En Jesus het die brode geneem,

en nadat Hy gedank het,

deel Hy dit uit aan die dissipels

en die dissipels aan die wat daar sit;

so ook van die vissies, soveel as hulle wou hê.



12. En nadat hulle versadig was, sê Hy vir sy dissipels: "Maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie."

13. Hulle maak toe bymekaar en het twaalf

mandjies gevul met brokstukke van die vyf

garsbrode wat oorgeskiet het by die wat

geëet het.

35. En Jesus sê vir hulle:

"Ek is die brood van die lewe;



wie na My toe kom,


sal nooit honger kry nie;

en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."

51. "Ek is die lewende brood wat uit die hemel

neergedaal het. As iemand van hierdie

brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.



En die brood wat Ek sal gee,


is my vlees wat Ek vir die

lewe van die wêreld sal gee."

## Johannes 7

37. En op die laaste dag,

die groot dag van die fees,



het Jesus gestaan en

uitgeroep en gesê:

"As iemand dors het,

laat hom na My toe kom en drink!

38. "Hy wat in My glo, soos die Skrif sê:

strome van lewende water

sal uit sy binneste vloei."

39. En dit het Hy gesê van die Gees

wat dié sou ontvang wat in Hom glo;

want die Heilige Gees was daar nog nie,

omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

## Johannes 8


12. Jesus het weer met hulle gespreek en gesê:

“Ek is die lig van die wêreld;

wie My volg,

sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie,

maar sal die lig van die lewe hê.”



31. “As julle in my woord bly,

is julle waarlik my dissipels.

32. En julle sal die waarheid ken,

en die waarheid sal julle vrymaak.”

# Johannes 9

1. Toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af.




2. En sy dissipels vra Hom en sê: "Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?"

3. Jesus antwoord: "Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word."

6. En toe Hy dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man en sê vir hom:

7. "Gaan was jou in die badwater Silóam." En hy het gegaan en hom gewas; en hy het siende teruggekom.




## Johannes 10

11. Jesus sê:

"Ek is die goeie herder.

Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."



14. "Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie

en word deur my eie geken.

15. Net soos die Vader My ken,

ken Ek ook die Vader;

en Ek lê my lewe af vir die skape."

10. “Ek het gekom,

dat hulle lewe en oorvloed kan hê.”

27. “My skape luister na my stem,


en Ek ken hulle, en hulle volg My.

28. En Ek gee hulle die ewige lewe,

en hulle sal nooit verlore gaan

tot in ewigheid nie,

en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”



**Johannes 11**



21. Martha sê vir Jesus:

"Here, as U hier gewees het,

sou my broer nie gesterf het nie."

25. Jesus sê vir haar:

"Ek is die opstanding en die lewe;

wie in My glo,

sal lewe al het hy ook gesterwe;

26. en elkeen wat lewe en in My glo,

sal nooit sterwe tot in ewigheid nie.

Glo jy dit?"

27. Sy antwoord Hom: "Ja, Here, ek glo dat U

die Christus is, die Seun van God,

wat in die wêreld sou kom."

39. Jesus sê: "Neem die steen weg."


Martha, die suster van die oorledene,

sê vir Hom:

"Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood."

41. Hulle neem toe die steen weg waar die

oorledene lê.



43. Jesus het met 'n

groot stem geroep:

"Lasarus, kom uit!"

44. En die oorledene het uitgekom,

aan hande en voete met grafdoeke gebind,

en sy gesig was toegedraai met 'n doek.

Jesus sê vir hulle:

"Maak hom los en

laat hom gaan."



# Johannes 13

34. “'n Nuwe gebod gee Ek julle,

dat julle mekaar moet liefhê;

soos Ek julle liefgehad het,

moet julle ook mekaar liefhê.

35. Hieraan sal almal weet

dat julle my dissipels is,


as julle liefde onder mekaar het.”



<u>**Johannes 14**</u>

1. "Laat julle hart nie ontsteld word nie;

   glo in God, glo ook in My.



2. In die huis van my Vader

   is daar baie wonings;

   as dit nie so was nie,

   sou Ek dit vir julle gesê het.

   Ek gaan om vir julle plek te berei.

3. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het,

   kom Ek weer en sal julle na My toe neem,

   sodat julle ook kan wees waar Ek is.

6. Ek is die weg en die waarheid en die lewe;

   niemand kom na die Vader

   behalwe deur My nie."



26. “Die Trooster, die Heilige Gees,

wat die Vader in my Naam sal stuur,

Hy sal julle alles leer en sal julle herinner

aan alles wat Ek vir julle gesê het.

27. Vrede laat Ek vir julle na,

my vrede gee Ek aan julle;

nie soos die wêreld gee,


gee Ek aan julle nie.

Laat julle hart nie ontsteld word

en bang wees nie.”



<u>**Johannes 15**</u>



1. "Ek is die ware wynstok,

   en my Vader is die landbouer.

2. Elke loot wat in My nie vrug

   dra nie, neem Hy weg;

   en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon,

   sodat dit meer vrug kan dra.



4. Bly in My, soos Ek in julle.

   Net soos die loot geen vrug kan dra

   van homself as dit nie in die wynstok bly nie,

   so julle ook nie as julle in My nie bly nie.

5. Ek is die wynstok, julle die lote.

   Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;

   want sonder My kan julle niks doen nie."

11. “Dit het Ek vir julle gesê,


dat my blydskap in julle kan bly

en julle blydskap volkome kan word.

12. Dít is my gebod,

dat julle mekaar moet liefhê

net soos Ek julle liefgehad het.



13. Groter liefde het niemand as dit nie,

dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.

14. Julle is my vriende as julle alles doen

wat Ek julle beveel.”

**Johannes 16**

33. "Dit het Ek vir julle gesê,


dat julle in My vrede kan hê.

In die wêreld sal julle verdrukking hê;

maar hou goeie moed,

Ek het die wêreld oorwin."

**Johannes 17**



1. Dit het Jesus gespreek,

en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê:

"Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun,

sodat u Seun U ook kan verheerlik.


4. Ek het U verheerlik op die aarde.

Die werk wat U My gegee het om te doen,

het Ek volbring."


## Johannes 18

1. Nadat Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor die spruit Kedron gegaan waar daar 'n tuin was, waarin Hy self gegaan het en sy dissipels.



2. En Judas, sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus daar dikwels met sy dissipels saamgekom het.

12. Die soldate het Jesus gevange geneem en Hom geboei.




## Johannes 19

1. Toe neem Pilatus dan vir Jesus.

2. En die soldate het

'n kroon van dorings



gevleg en dit op sy hoof gesit,

en 'n purper kleed om Hom gewerp

3. en gesê: "Wees gegroet, Koning van die Jode!"

En hulle het Hom in die aangesig geslaan.

6. En toe die owerpriesters en die dienaars


Hom sien, skreeu hulle en sê:

"Kruisig, kruisig Hom!"

Pilatus sê vir hulle:

"Neem julle Hom

en kruisig Hom,




want ek vind geen skuld in Hom nie."

16. Toe het Pilatus Hom dan aan hulle oorgegee

om gekruisig te word. En hulle het Jesus

geneem en Hom weggelei.



17. En Hy het sy kruis gedra en uitgegaan

na die sogenaamde Hoofskedelplek,


in Hebreeus Gólgota,

18. waar hulle Hom gekruisig het

en saam met Hom twee ander,

een aan elke kant,

en Jesus in die middel.



25. En by die kruis van Jesus het gestaan

sy moeder en sy moeder se suster, Maria,

die vrou van Klopas, en Maria Magdaléna.




26. En toe Jesus sy moeder sien

en die dissipel wat Hy liefgehad het,

by haar staan, sê Hy vir sy moeder:

"Vrou, dáár is u seun!"



27. Daarop sê Hy vir die dissipel:

"Dáár is jou moeder!"


En van daardie uur af het die dissipel

haar in sy huis geneem.


28. Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was — sodat die Skrif vervul sou word — het Jesus gesê: "Ek het dors!"

29. En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring.

30. En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: "Dit is volbring!" En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.



34. Een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom.




40. En hulle het die liggaam van Jesus geneem

en dit in doeke toegedraai saam met die

speserye, soos die gewoonte van die Jode

is om te begrawe.



41. En daar was op die plek waar Hy gekruisig is,

'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf

waar nog nooit iemand in neergelê was nie.

42. Daar het hulle Jesus toe neergelê


weens die voorbereiding van die Jode,

omdat die graf naby was.

# Johannes 20



1. En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was.



2. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle:

"Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."

3. Toe gaan Petrus en die ander dissipel uit
   en kom by die graf.
6. Toe kom hulle en gaan in die graf
   en sien die doeke lê.
10. En die dissipels het weer huis toe gegaan.

11. Maar Maria het buitekant by die graf
    gestaan en ween; en terwyl sy ween, buk sy
    na die graf toe en sien twee engele daar sit
12. met wit klere aan, een by die hoof en een by
    die voete waar die liggaam van Jesus gelê het.

13. En hulle sê vir haar: "Vrou, waarom ween jy?"
    Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my Here
    weggeneem het, en ek weet nie waar hulle
    Hom neergelê het nie."

14. En toe sy dit gesê het, draai sy haar om agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie.

15. Jesus sê vir haar:


"Vrou, waarom ween jy?  Wie soek jy?"

Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom:

"Meneer, as u Hom weggedra het,
sê vir my waar u Hom neergelê het,
en ek sal Hom wegneem."

16. Jesus sê vir haar: "Maria!"

Sy draai haar om en
sê vir Hom: "Rabboeni!"
dit beteken Meester.



17. Jesus sê vir haar: "Raak My nie aan nie,
want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie;
maar gaan na my broeders en sê vir hulle:
Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my
God en julle God."

18. Maria Magdaléna het aan die
dissipels gaan vertel dat sy
die Here gesien het en dat
Hy dit vir haar gesê het.




19. En toe dit aand was op daardie eerste dag
van die week en die deure waar die dissipels
vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit
was, het Jesus gekom en in hul midde
gestaan en aan hulle gesê: "Vrede vir julle!"

20. En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle

sy hande en sy sy. En die dissipels was bly

toe hulle die Here sien.



21. Jesus sê toe weer vir hulle:

"Vrede vir julle!

Soos die Vader My gestuur het,

stuur Ek julle ook."

24. En Thomas wat genoem word Dídimus,

een van die twaalf, was nie saam met hulle

toe Jesus gekom het nie.

25. Die ander dissipels sê toe vir hom:

"Ons het die Here gesien!"

Maar hy het vir hulle gesê:

"As ek nie in sy hande


die merk van die spykers sien

en my vinger steek

in die merk van die spykers

en my hand in sy sy steek nie,

sal ek nooit glo nie."



26. En agt dae daarna was sy dissipels weer

binne, en Thomas saam met hulle.

En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit

was, en het in hul midde gestaan en gesê:

"Vrede vir julle!"

27. Daarna sê Hy vir Thomas:


"Bring jou vinger hier, en kyk na my hande;

en bring jou hand en steek dit in my sy;

en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig."

28. En Thomas antwoord en sê vir Hom:

"My Here en my God!"



29. Jesus sê vir hom: "Omdat jy My gesien het,

Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie

gesien het nie en tog geglo het."